

DIE WOLWESPOOR

KWARTAAL 1:3 / TERM 1:3



**HOËRSKOOL
FERDINAND POSTMA
HIGH SCHOOL**

DIE ALPHA-VERSLAG



Beste Ouers en Ferdie-gemeenskap

Dit gaan baie goed met ons skool, en ons is opreg dankbaar vir die Here se genade oor ons. Dit was 'n wonderlike voorreg om die afgelope twee weke die goeie gees en suksesse van ons skool te kon beleef.

Hoe lekker was dit nie om ons Ferdies-leerders tydens die onlangse interhoër te beleef nie! Die entoesiasme en energie van ons sanggroep was werklik aansteeklik. Ons deelnemende atlete het alles in die stryd gewerp om punte vir ONS skool bymekaar te maak. Twee van ons atlete het nuwe interhoër-rekords opgestel en ons o/17-seunsaflosspan het 'n skouspelagtige vertoning gelever toe hulle die inter-rekord vir die dag verpletter het.

Een van ons leerders, Faseeha Sooliman, het aan die polisie se Jeugkommissaris-projek deelgeneem en is as die provinsiale wenner gekroon. Dit getuig van die uitstekende debatvaardighede waaroor baie van ons leerders beskik. Ons is voorwaar trots op hierdie skitterende prestasie.

Ons skool is ook op 6 Februarie deur die S.O.S as een van die Top 20-akademiese skole in die land aangewys en as die nr. 1 akademiese skool in Noordwes, volgens die persentasie onderskeidings per kandidaat. Hierdie maatstaf getuig van die kwaliteit onderrig en leer wat by Ferdies plaasvind.

Talle vakpersoneellede het ook in die afgelope twee weke toekennings ontvang waar hulle volgens vakgemiddeldes eerste in die provinsie of distrik geplaas is. Baie geluk aan elkeen van hierdie besonder toegewyde personeel. Julle is die dryfkrag agter menige leerders se akademiese sukses.

Daar word vanaf Maandag 23 Februarie amptelik met die wintersportprogramme afgeskop. Ons doen 'n vriendelike beroep op u as ouers om ons leerders en skool ook in hierdie verband te ondersteun. Met spanwerk en eenheid kan ons met vertroue uitsien na 'n suksesvolle seisoen.

Ferdie-groete.

Mnr. Morne Smit
Skoolhoof

THE ALPHA REPORT



Dear Parents and Ferdie Community

Our school is doing very well, and we are sincerely grateful for the Lord's grace over us. It has been a wonderful privilege over the past two weeks to experience the positive spirit and successes of our school.

How wonderful it was to experience our Ferdies learners during the recent inter-high event! The enthusiasm and energy of our singing group were truly contagious. Our participating athletes gave their all to earn points for OUR school. Two of our athletes set new inter-high records, and our U/17 boys' relay team delivered a spectacular performance when they shattered the inter-high record for that event.

One of our learners, Faseeha Sooliman, participated in the SAPD Commissioner programme and was appointed as SAPD NW Junior Provincial Commissioner. This is testimony to Ferdies debaters' excellent public speaking skills. We are truly proud of this outstanding achievement.

On 6 February, our school was also recognised by the S.O.S as one of the Top 20 academic schools in the country, and as the number one academic school in North West based on the percentage of distinctions per candidate. This reflects the quality of teaching and learning that takes place at Ferdies.

Several subject educators have also received awards over the past two weeks, achieving first positions in the province, or district, based on subject averages. Congratulations to each of these exceptionally dedicated educators. You are the driving force behind many learners' academic success.

The winter sports programme will officially commence on Monday, 23 February. We kindly appeal to you as parents to continue supporting our learners and our school in this regard. Through teamwork and unity, we can confidently look forward to a successful season.

Kind regards

Mr Morné Smit
Principal

WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events



Maandag / Monday: 23/02

- **TYD / TIME: T**
- **TOETSDAG / TESTS DAY**
- Blokrooster word gevolg / Activities time table is followed.

Dinsdag / Tuesday: 24/02

- **TYD / TIME: A**
- Hoofdevergadering / Principals meeting.

**Woensdag / Wednesday:
25/02**

- **TYD / TIME: P**
- **POUSE / BREAK: DETENSIE / DETENTION**
- Pouse / Break: Graad 12 - Verbruikerstudies / Grade 12 - Consumer studies.

Donderdag / Thursday: 26/02

- **TYD / TIME: A**
- 07:00 - BL-Dagbestuurvergadering
- 13:20 - HAD-vergadering
- 18:00 - FK-vergadering
- Interact - Writing letters for hospital / Briewe skryf aan hospitaal.

Vrydag / Friday: 27/02

- **TYD / TIME: ST**
- **TOETSDAG / TEST DAY (2 HOURS)**
- Graadvoogvergadering (tydens toetsperiode).
- 14:00 - Atletiek / Athletics: Dr Kenneth Kaunda
- 14:00 - Choose Joy Hockey Festival (Al die spanne / all the teams) - Volkies Astro.

Saterdag / Saturday: 28/02

- 09:00 - 12:00 - De Beers English Olympiad in colaboration with PGHS.
- 08:00 - Choose Joy Hockey Festival (Al die spanne / all the teams) - Volkies Astro.
- Skyfskiet - Liga 1 (H/S Fochville).

Sondag / Sunday: 01/03

- O/14-hokkie NW-proewe 1ste Rondte (meisies & seuns) / hockey trials 1st Round (boys & girls).

WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events



Maandag / Monday: 02/03

- **TYD / TIME: T**
- **TOETSDAG / TEST DAY**
- Netbal vlak 1 - Skeidsregterkursus / Netball stage 1 - Referee course.

Dinsdag / Tuesday: 03/03

- **TYD / TIME: A**
- 13:00 -16:30 - De Beers English Olympiad

Woensdag / Wednesday: 04/03

- **TYD / TIME: T**
- **TOETSDAG / TEST DAY**
- Gideon-Bybelverspreiding - Graad 8 / Gideon Bible distribution - Grade 8.

Donderdag / Thursday: 05/03

- **TYD / TIME: P**
- **DETENSIE / DETENSION**
- Interact - visits Medi-Clinic hospital / besoek Medi-Clinic hospitaal.
- Pouse / Break: Graad 12 - Verbruikerstudies / Grade 12 - Consumer studies.
- 13:20 - HAD-vergadering.

Vrydag / Friday: 06/03

- **TYD / TIME: T**
- **TOETSDAG / TEST DAY**
- Netbal vlak 2 & 3 - Skeidsregterkursus / Netball stage 2 & 3 - Referee course - Wesvalia.
- **17:00 - Hokie Capping (1st Spanne) / Hockey Capping (1st Teams).**

Saterdag / Saturday: 07/03

- NW Debate League (Round 1).
- Clash of Titans Hockey Festival (Al die spanne) - Potch Boys High.
- Rugby Friendly - Ferdies vs Kolobeng College.

Sondag / Sunday: 08/03

- Hengelliga 2: Sloep Bloemhof.

WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events



DATUM DATE	GRAAD GRADE	TYD TIME	SESSIE SESSION	LOKAAL VENUE
Ma. 23 Feb.	Gr. 8	13:30 - 15:50	NWU Wetenskapsentrum / NWU Sciences centre	NWU
	Gr. 9	14:00 - 15:50	Navorsingseksperiment / Research experiment	Lab
Tues. 24 Feb.	Gr. 10	14:00 - 14:50	Lees / Reading	K51
	Gr. 10	15:00 - 15:50	Wiskunde / Mathematics	K37
	Gr. 10	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	T1
	Gr. 11	13:30 - 15:50	Biochemie #1 / Biochemistry #1	NWU
	Gr. 12	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	Labklas Lab class
Wo. 25 Feb.	Gr. 8 (1) & (2)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	T4
	Gr. 8 (3)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	T1
	Gr. 9	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	K37
Thurs. 26 Feb.	Gr. 10	13:30 - 15:50	Lektratek besoek / Lektratek visit	Lektratek
	Gr. 11	14:00 - 14:50	Lees / Reading	K51
	Gr. 11	15:00 - 15:50	Wiskunde / Mathematics	T1
	Gr. 11	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	Labklas Lab class
	Gr. 12	13:30 - 15:50	Effektiewe kommunikasie / Effective communication	NWU

WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events



DATUM DATE	GRAAD GRADE	TYD TIME	SESSIE SESSION	LOKAAL VENUE
Ma. 2 Maart	Gr. 8 (Groep 1)	13:30 - 15:50	Aviatech besoek / Aviatech visit	Aviatech
	Gr. 8 (Group 2)	14:00 - 15:50	Wiskunde in Musiek / Mathematics in Music	T4
	Gr. 9	14:00 - 15:50	Navorsingseksperiment #2/ Research experiment #2	Lab
Tues. 3 March	Gr. 10	14:00 - 14:50	Lees / Reading	K51
	Gr. 10	15:00 - 15:50	Wiskunde / Mathematics	K37
	Gr. 10	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	T1
	Gr. 11	13:30 - 15:50	Biochemie #2 / Biochemistry #2	NWU
	Gr. 12	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	Labklas
Wo. 4 Maart	Gr. 8 (1) & (2)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	T4
	Gr. 8 (3)	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	T1
	Gr. 9	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	K37

WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events



DATUM DATE	GRAAD GRADE	TYD TIME	SESSIE SESSION	LOKAAL VENUE
Thurs. 5 March	Gr. 10	14:00 - 14:50	Lees / Reading	K51
	Gr. 10	15:00 - 15:50	Wiskunde / Mathematics	K37
	Gr. 10	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	T1
	Gr. 11	14:00 - 14:50	Lees / Reading	K51
	Gr. 11	15:00 - 15:50	Wiskunde / Mathematics	T1
	Gr. 11	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	Labklas Lab class
	Gr. 12	14:00 - 15:50	Canva opleiding / Canva training	K48

WEEKLY HOWL

Blo krooster



KWARTAAL 1/ TERM 1 - 2026		KWARTAAL 1/ TERM 1 - 2026	
TYD/ TIME	MAANDAG/MONDAY	TYD/ TIME	DINSdag/TUESDAY
14:00-14:50 [Bloek/Bloek 1]	GR.8 - SETH Opsie 1 /Option 1 [N. Kühn; J. Walstrand; N. Botma] GR.9 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [A. Knoesen] GR.10 - Wisk. Ekstra/ Maths Extra [M. de Wet] GR.11 - Wisk. Ekstra/ Maths Extra [J. Erasmus] GR.12 - Wisk. Ekstra/ Maths Extra (Eng) [M. Rush]	14:00-14:50 [Bloek/Bloek 1]	GR.10 - SETH Opsie 1 & 2/Option 1 & 2 (Verryking/ Enrichment) [N. Kühn] GR.11 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [J. Walstrand] GR.12 - RIT Ekstra/CAT Extra (Groep 1) [S. Dupper] GR.12 - Rek. Ekstra / Acc. Extra [C. Uys] GR.8-9 - Eng. Olympiad [C. Roux] GR.8-9 - Rugby (o/15) [W. Heyneke] GR.8-9 - Netbal/ Netball [M. Thaele (o/14); M. Fourie; M. Smit (o/15)]
15:00-15:50 [Bloek/Bloek 2]	GR.8 - SETH Opsie 1 /Option 1 [N. Kühn; J. Walstrand; N. Botma] GR.9 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [A. Knoesen] GR.12 - LW Ekstra/ LS Extra [S. Meiring] GR.10-12 - Eng. Olympiad [C. Roux] GR.10-12 - Rugby (1stes) [L. Pelser; D. Weyers] GR.10-12 - Netbal/ Netball [C. Uys (1stes); S. Delport (2des); L. Rossouw (3des)] GR.10-12 - Meisies hokkie /Girls hockey [M. Botha (1stes)] GR.10-12 - Seunshokkie/ Boys hockey [M. Rush (1stes)]	15:00-15:50 [Bloek/Bloek 2]	GR.10 & 12 - SETH Opsie 1, 2 & 3/Option 1, 2 & 3 (Verryking/ Enrichment) [W. Odendaal] GR.11 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [J. Walstrand] GR.12 - RIT Ekstra/CAT Extra (Groep 2) [S. Dupper] GR.8-12 - Skaak/ Chess [J. Richards] GR.8-9 - Netbal/ Netball [M. Thaele (o/14); M. Fourie; M. Smit (o/15)] GR.8-9 - Rugby (o/15) [W. Heyneke] GR.8-9 - Dogtershokkie/ Girls hockey (o/15) [S. Meiring] GR.8-9 - Seunshokkie/ Boys hockey (o/15) [S. du Plessis] GR.8-12 - Eng. Play [C. Roux; K. Labuschagne]
16:00-16:50 [Bloek/Bloek 3]	GR.8-12 - Landloop/Cross-country [J. Rosin] GR.10-12 - Netbal/ Netball [C. Uys (1stes); S. Delport (2des); L. Rossouw (3des)] GR.10-12 - Rugby (1stes) [L. Pelser; D. Weyers] GR.10-12 - Meisies hokkie /Girls hockey [M. Botha (1stes)] GR.10-12 - Seunshokkie/ Boys hockey [M. Rush (1stes)] GR.8-12 - Boogskiet / Archery [W. Odendaal] GR.8-12 - Afr. Toneel [M. de Wet; L. Rossouw]	16:00-16:50 [Bloek/Bloek 3]	Gr.8-12 - Eng. Play [C. Roux; K. Labuschagne] Gr.8-12 - Eng. Debate [M. Thaele] GR.8-12 - Skaak/ Chess [J. Richards] GR.8-9 - Dogtershokkie/ Girls hockey (o/15) [S. Meiring] GR.8-9 - Seunshokkie/ Boys hockey (o/15) [S. du Plessis] GR.8-12 - Landloop/ Cross country [J. Rosin]
17:00-17:50 [Bloek/Bloek 4]	GR.8-12 - Afr. Toneel [M. de Wet; L. Rossouw] GR.8-12 - Boogskiet / Archery [W. Odendaal] tot 17:30	17:00-17:50 [Bloek/Bloek 4]	Gr.8-12 - Eng. Debate [M. Thaele] to 17:30

WEEKLY HOWL

Activities Timetable



KWARTAAL 1/ TERM 1 - 2026		KWARTAAL 1/ TERM 1 - 2026	
TYD/ TIME	WOENSDAG/WEDNESDAY	TYD/ TIME	DONDERDAG/THURSDAY
14:00-14:50 [Blok/Block 1]	GR.8 & 9 - SETH Opsie 1 & 2/Option 1 & 2 (Wiskunde) [B. Watermeyer] GR.11 - Wiskunde Ekstras/ Mathematics Extra classes (Afr & Eng) [J. Erasmus] GR.12 - FW Ekstra/PS Extra (Afr & Eng) [M. Boshoff]	14:00-14:50 [Blok/Block 1]	GR.10 & 12 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [J. Erasmus; S. Strydom] GR.11 - SETH Opsie 1 & 2/Option 1 & 2 (Verryking/ Enrichment) [N. Kuhn] GR.12 - LW Ekstra/ LS Extra [S. Meiring] GR.8-9 - Netbal/ Netball [M. Thaele (o/14); M. Fourie; M. Smit (o/15)] GR.8-12 - Landloop / Cross-country [J. Rosin]
15:00-15:50 [Blok/Block 2]	GR.10-12 - Meisies hokkie /Girls hockey [M. Botha (1stes)] GR.10-12 - Netbal/ Netball [C. Uys (1stes); S. Delpont (2des); L. Rossouw (3des)] GR.10-12 - Rugby (1stes) [L. Pelser; D. Weyers] GR.10-12 - Seunshokkie/ Boys hockey [M. Rush (1stes)]	15:00-15:50 [Blok/Block 2]	GR.10 & 12 - SETH Opsie 1 & 4/ Option 1 & 4 [J. Erasmus; S. Strydom] GR.11 - SETH Opsie 1,2 & 3/Option 1, 2 & 3 (Verryking/ Enrichment) [W. Odendaal] GR.8-9 - Netbal/ Netball [M. Thaele (o/14); M. Fourie; M. Smit (o/15)] GR.8-9 - Rugby (o/15) [W. Heyneke] GR.8-9 - Dogtershokkie/Girls hockey (o/15) [S. Meiring] GR.8-9 - Seunshokkie/ Boys hockey (o/16) [S. du Plessis]
16:00-16:50 [Blok/Block 3]	GR.10-12 - Netbal/ Netball [C. Uys (1stes); S. Delpont (2des); L. Rossouw (3des)] GR.10-12 - Rugby (1stes) [L. Pelser; D. Weyers] GR.10-12 - Meisies hokkie /Girls hockey [M. Botha (1stes)] GR.10-12 - Seunshokkie/ Boys hockey [M. Rush (1stes)] GR.8-12 - Eng. Play [C. Roux; K. Labuschagne]	16:00-16:50 [Blok/Block 3]	GR.8-12 - Eng. Debate [M. Thaele] GR.8-9 - Rugby (o/15) [W. Heyneke] GR.8-9 - Dogtershokkie/Girls hockey (o/15) [S. Meiring] GR.8-12 - Boogskiet / Archery [W. Odendaal] GR.8-9 - Seunshokkie/ Boys hockey (o/16) [S. du Plessis] GR.8-12 - Interact [J. Rosin & L. Rossouw]
17:00-17:50 [Blok/Block 4]	GR.8-12 - Koor [C. Ford] 17:30 tot 19:00 GR.8-12 - Eng. Play [C. Roux; K. Labuschagne]	17:00-17:50 [Blok/Block 4]	GR.8-12 - Eng. Debate [M. Thaele] to 17:30 GR.8-12 - Boogskiet / Archery [W. Odendaal] tot 17:30

TROPSAKE PACK MATTERS



Akademiese uitnemendheid

Met groot trots deel ons dat Hoërskool Ferdinand Postma by die SOS se meriete-toekenningsfunksie weereens as een van die Top 20-akademiese skole in die land vereer is.

- 🏆 Beste skool in Noordwes en 13de plek in Suid-Afrika vir die aantal onderskeidings per kandidaat.
- 🏆 17de plek op die nasionale ranglys vir die aantal onderskeidings per kandidaat vir die vak Engels Eerste Addisionele Taal.

Hierdie prestasies getuig van 'n akademiese kultuur waar hoë standaarde, toegewyde onderwysers en leerders wat hul volle potensiaal nastreef, hand aan hand loop. Ons is ongelooflik trots op ons leerders, personeel en ouers wat saam hierdie sukses moontlik maak.

Academic excellence

With great pride that we share that Ferdinand Postma High School was honoured at the SOS Merit Awards Function as one of the Top 20 Academic Schools in the country.

- 🏆 Best school in the North West, as well as 13th place in South Africa for the number of distinctions per candidate.
- 🏆 17th place for the number of distinctions per candidate in English First Additional Language.

These achievements reflect an academic culture where high standards, dedicated educators and learners striving to reach their full potential, go hand in hand. We are incredibly proud of our learners, staff and parents who - together - made this success possible.

TROPSAKE PACK MATTERS

enkelmediumskole. 3,63 A's per kandidaat.

Afrikaanse skole

Top 20-skole met die meeste onderskeidings per kandidaat

	Provinsie	Skool	Getal kandidate	Getal A's	A's per kandidaat	% Afrikaanse leerders
1	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool Bloemhof	140	508	3,63	100
2	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool Paarl	142	487	3,43	66
3	Gauteng	Afrikaanse Hoër Meisieskool	247	791	3,20	100
4	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool La Rochelle	117	374	3,20	51
5	Gauteng	Die Hoërskool Menlopark	330	939	2,85	100
6	Gauteng	Hoërskool Waterkloof	393	960	2,44	100
7	Wes-Kaap	Paul Roos Gimnasium	268	637	2,38	59
8	Wes-Kaap	Hoërskool Durbanville	300	708	2,36	100
9	Wes-Kaap	Hoërskool Parel Vallei	257	600	2,33	35
10	Gauteng	Hoërskool Linden	155	359	2,32	100
11	Vrystaat	C & N Sekondêre Meisieskool Oranje	145	331	2,28	100
12	Wes-Kaap	DF Akademie	219	498	2,27	100
13	Noordwes	Hoërskool Ferdinand Postma	73	163	2,23	51
14	Gauteng	Hoërskool Zwartkop	342	759	2,22	100
15	Wes-Kaap	Hoërskool Outeniqua	353	727	2,06	100
16	Gauteng	Hoërskool Garsfontein	354	721	2,04	100
17	Wes-Kaap	Hoërskool Stellenberg	309	605	1,96	62
18	Gauteng	Hoërskool Randburg	177	322	1,82	100
19	Noordwes	Potchefstroom Gimnasium	199	357	1,79	100
20	Wes-Kaap	Hoër Jongenskool Paarl	185	322	1,74	63

ABEL 27: Top 20-Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat landwyd.

Engels Eerste Addisionele Taal

Top 20-skole met die meeste onderskeidings per getal kandidate

	Provinsie	Skool	Getal kandidate	Getal A's	Persentasie A's	% Afrikaanse leerders
1	Gauteng	Afrikaanse Hoër Meisieskool	210	132	63%	100%
2	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool Bloemhof	96	57	59%	100%
3	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool La Rochelle	40	22	55%	51%
4	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool Paarl	68	36	53%	66%
5	Limpopo	St George College	89	45	51%	0%
6	Wes-Kaap	Melkbosstrand High School	65	29	45%	38%
7	Gauteng	Die Hoërskool Menlopark	291	129	44%	100%
8	Wes-Kaap	Hoërskool Durbanville	258	114	44%	100%
9	Gauteng	Hoërskool Linden	100	44	44%	100%
10	Wes-Kaap	DF Akademie	141	58	41%	100%
11	Wes-Kaap	Hoërskool Swartland	105	42	40%	74%
12	Oos-Kaap	Pearson High School	33	13	39%	17%
13	Gauteng	Hoërskool Zwartkop	322	123	38%	100%
14	Wes-Kaap	Hoërskool Langenhoven	104	38	37%	100%
15	Wes-Kaap	Hoërskool Bellville	215	77	36%	100%
16	Wes-Kaap	Paul Roos Gimnasium	122	42	34%	59%
17	Noordwes	Hoërskool Ferdinand Postma	35	12	34%	51%
18	KwaZulu-Natal	Victorious Independent School	44	15	34%	0%
19	Wes-Kaap	Hoërskool Outeniqua	305	103	34%	100%
20	Wes-Kaap	Hoërskool Stellenberg	161	52	32%	62%

ABEL 34: Top 20-skole met die meeste Engels Eerste Addisionele Taal-onderskeidings per getal kandidate.

SKOLE
ondersteuningsentrum



TROPSAKE PACK MATTERS




ATLETIEKBYEENKOMS - FOCHVILLE



Dit was 'n groot voorreg om weer aan die agt skole atletiekbyeenkoms in Fochville deel te kon neem! Ferdies se atlete het met hart en siel meegeding. Ons is trots op elkeen wat ons skool verteenwoordig het!



ATHLETICS - FOCHVILLE

A great privilege to once again take part in the 8-schools meeting in Fochville. Ferdies' athletes competed with heart and soul – we are proud of every learner who represented our school!





TROPSAKE PACK MATTERS



SETH: Graad 8 – Ingenieursprojek (Papierstellasie)

Vir die afgelope twee sessies was die graad 8-leerders besig om in spanverband papierstellasies te bou. Hierdie sessies het die leerders gewys hoe belangrik beplanning en evaluering gedurende die ontwerpproses is.

SETH: Grade 8 – Engineering Project (Paper structure)

For the past two sessions, the grade 8 learners have been working in teams to build paper structures. These sessions have demonstrated the importance of planning and evaluation during the design process.



TROPSAKE PACK MATTERS



SETH: Graad 9 – Besigheidspeletjie

Die graad 9 SETH-leerders het 'n interaktiewe sessie gehad, waar hulle meer van beleggings en bates geleer het. Daar was gesonde mededinging onder die leerders om te kyk wie die meeste “geld” in die kortste tyd kon maak.

SETH: Grade 9 – Business game

The grade 9 SETH learners had an interactive session, where they learned more about investments, assets etc. There was healthy competition among the learners to see who could make the most “money” in the shortest amount of time.



TROPSAKE PACK MATTERS



SETH: Graad 9 – Besigheidskommunikasie

Die graad 9 SETH-leerders het 'n sessie vol pret gehad, waar die waarde van verskillende rolle en kommunikasie binne 'n besigheid gedemonstreer is.

SETH: Grade 9 – Business Communication

The grade 9 SETH learners had a fun session, which demonstrated to them the value of different roles and communication within a business.



TROPSAKE PACK MATTERS



SETH: Graad 10 – Inleiding tot elektronika

Die graad 10 SETH-leerders het 'n leersame inleiding tot elektronika gehad. Dié sessie het verseker baie leerders se belangstelling geprikkel.

SETH: Grade 10 – Introduction to electronics

The grade 10 SETH learners had an informative introduction to electronics. This session certainly sparked the interest of most learners.



TROPSAKE PACK MATTERS



SETH: Graad 11- Geïntegreerde Ingenieurswese

Die graad 11 SETH-leerders het op 'n baie interaktiewe wyse deur middel van 'n gevallestudie, meer te wete van die verskillende ingenieursrigtings gekom en hoe dit by mekaar inskakel. Hulle aanbiedingsvaardighede was ook op die proef tydens die sessie gestel.

SETH: Grade 11 – Integrated Engineering

The grade 11 SETH learners learned more about the different engineering disciplines, and how they fit together, in a very interactive way by means of a case study. Their presentation skills were also put to the test during the session.



TROPSAKE PACK MATTERS





SETH: Graad 12 – Tydsbestuur

Ons graad 12 SETH-leerders het 'n baie leersame sessie oor tydsbestuur gehad. Die sessie het hulle die waarde van beplanning laat besef deur te wys hoe effektiewe beplanning en tydsbestuur, onnodige spanning en angstigheid kan beperk.

SETH: Grade 12 – Time Management

Our grade 12 SETH learners had a very informative session on time management. It made them realise the value of planning by showing how effective planning and time management can limit unnecessary stress and anxiety.



SKOLE

ondersteuningsentrum

Met groot trots sê ons baie geluk aan juffrou Joanita Walstrand en juffrou Sunette Strydom wat 'n welverdiende toekenning by die SOS se meriete-toekenningsfunksie ontvang het! Hulle het 17de onder die top 20-skole in Suid-Afrika vir Engels Eerste Addisionele Taal geëindig. Hierdie prestasie is aan die meeste onderskeidings per aantal kandidate gemeet.

Hierdie sukses bevestig dat Ferdies se akademiese uitnemendheid aan onderwysers wat alles vir hul vak, hul leerders en hul skool gee, gemeet word! Ons is ongelooflik trots!



It is with great pride, that we congratulate Ms Joanita Walstrand and Ms Sunette Strydom on receiving a well-deserved award at the SOS Merit Awards Ceremony. They have achieved 17th place among the Top 20 schools in South Africa for English First Additional Language. This is measured by the highest number of distinctions per nu#welearnwelivewele admbro of candidates.

This achievement confirms that Ferdies' academic excellence is shaped by educators who give their all in their subjects, to their learners, and for their school. We are incredibly proud!

Verslag oor die NASIONALE MATRIEKUITSLOE 2025

Wow!

HOËRSKOOI FERDINAND POSTMA

AFRIKAANSE OPEDAG

EEN VAN
DIE TOP
20 SKOLE
IN SA

20 MEI 2026



FERDIES AANSOEKE VIR 2027
OPEN 16 FEBRUARIE 2026



DROOM - WAAG - DOEN



FERDINAND POSTMA HIGH SCHOOL

ENGLISH OPEN DAY

ONE OF
THE TOP
20
SCHOOLS
IN SA

18 MAY 2026



FERDIES APPLICATIONS FOR 2027
OPEN 16 FEBRUARY 2026

TROPSAKE PACK MATTERS



Graad 8-ouerbraai

By Ferdies is die Graad 8-ouerbraai soveel meer as net 'n geleentheid! Dit is 'n viering van 'n nuwe begin, tradisie en trotse verbondenheid. Jaar na jaar bring hierdie besondere aand ouers, leerders en personeel as 'n Ferdie-familie saam.

Ons Graad 8's het hul energie, kreatiwiteit en passie op die dansvloer uitgeleef, voordat die aand in ware Ferdie-gees rondom die braaivleisvure voortgesit is. Daar is stories gedeel, vriendskappe gesmee en die Ferdie-gemeenskap is versterk.

Ferdies – waar tradisie leef en trots brand.



TROPSAKE PACK MATTERS



Grade 8 Parents Braai

At Ferdies, the grade 8 Parents Braai is so much more than just an event – it is a celebration of new beginnings, proud traditions and meaningful connection. Year after year, this special evening brings parents, learners and staff together as part of the Ferdie family.

Our grade 8s expressed their energy, creativity and passion on the dance floor before the evening continued in true Ferdie spirit: around the braai fires – where stories were shared, friendships were formed and community was strengthened.

Ferdies: where tradition lives and pride burns bright.



TROPSAKE PACK MATTERS



Ferdies swimmers

9 van Hoërskool Ferdinand Postma se leerders gaan Vrydag en Saterdag aan die NW-Skolekampioenskappe in Potchefstroom deelneem. As trotse swimmers van ons skool gaan hulle Ferdies met toewyding, dissipline en ware spangees verteenwoordig. Ons is opgewonde om te sien wat elkeen in die swembad kan bereik! Baie sterkte! Ferdies staan bankvas agter julle. Gaan maak ons trots!

Ferdies swimmers

9 of Ferdinand Postma High School's learners will be competing at the NW Schools Championships in Potchefstroom on Friday and Saturday. As proud swimmers of our school, they will represent Ferdies with dedication, discipline, and true team spirit. We are excited to see what each of them can achieve in the pool! Wishing you the very best – Ferdies stands firmly behind you. Go make our school proud!



TROPSAKE / PACK MATTERS



LEO-atletiekbyeenkoms

Ons is besonders trots op die groep atlete wat hierdie naweek aan die LEO-atletiekbyeenkoms gaan deelneem!

Om gekies te word as 4 van die topatlete onder die vaandel van JB Marks, is 'n uitsonderlike prestasie. Julle harde werk, deursettingsvermoë en dissipline werp reeds die vrugte van uitnemendheid af.

Baie sterkte, gaan wys wat in julle steek en maak Ferdies trots!

LEO-BYEENKOMS ATLETIEK / ATHLETICS

Meisies / Girls

Chanté Hook	Jamy-Leigh Howard
Roxy Phillips	Myla Hennelly
Lua Schutte	
Annie v d Merwe	
Lumé Hartzenberg	
Carla Venter	
Sané Middelberg	
Chanté Ungerer	
Lulu Dladla	
Nteboheng Mosholiba	
Lethabo Makwatsane	



LEO-BYEENKOMS ATLETIEK / ATHLETICS

Seuns / Boys

Karl Engles	Reuben du Plessis
Armand Nagel	Tristian Lottering
Lian Rootman	Christiaan Alberts
Ghian Hatting	MJ Kruis
Roland Lubinda	
Tirelo Mggqamqo	
Ruben Booyens	
Chidi Okechukwu	
Tridia Mandungu	
Timothy Mudavanau	
Leon Nel	



LEO athletics meeting

We are exceptionally proud of the group of athletes who will be competing at the LEO Athletics Meeting this weekend!


Being selected as 4 of the top athletes under the JB Marks banner is an outstanding achievement. Your hard work, perseverance, and discipline are already bearing the fruits of excellence.

Best of luck, go show what you're made of and make Ferdies proud!

TROPSAKE PACK MATTERS



Sterkte aan alle Ferdies skuts!
Good luck to all Ferdies archers!



TROPSAKE / PACK MATTERS



WEEK

Ferdies gaan GROOT tydens geesweek!

Ons onderwysers wys hulle ware kleure en geniet hulle koffie uit enigiets wat NIE 'n koffiebeker is NIE!

Wat vang ons leerders aan? Hulle pak hulle boeke in kreatiewe “skooltasse”... enigiets behalwe 'n regte skooltas!



Ferdies goes BIG during Spirit Week!

Our teachers are showing their true colours by enjoying their coffee from anything – except a coffee mug!

And our learners? They're packing their books in the most creative “school bags” ever... anything but a real school bag!

It's laughter, spirit and pure Ferdie energy everywhere you look!

This is where boundaries are pushed, creativity is celebrated, and school pride is shown in style!

TROPSAKE / PACK MATTERS



WEEK



TROPSAKE / PACK MATTERS

*School
Spirit*

FERDIES SE GEES OP DAG 2 - “DRESS LIKE A PUN”

Dag 2 het behoorlik gewys dat Ferdies se gees lééf! Met die “Dress Like a Pun”-dag het kreatiwiteit en humor oorgeneem. Van slim woordspelingidees tot uitrustings wat almal laat kopkrap het en dan hardop laat lag het. Ons leerders het hulself oortref! Die opgewondenheid was tasbaar.

En natuurlik... die onderwysers het beslis nie teleurgestel nie! Hulle het voluit deelgeneem en gewys dat die Ferdie-gees geen ouderdom ken nie. Dis dae soos hierdie wat ons herinner waarom ons trots is om Ferdies te wees. Dit is hier waar ons saam lag, saam leef en saam gees bou!



FERDIES SPIRIT ON DAY 2 - “DRESS LIKE A PUN”

Day 2 truly showed that Ferdies spirit is alive and thriving! With “Dress Like a Pun” day, creativity and humour took over. From clever wordplay ideas to outfits that made everyone think twice – and then laugh out loud – our learners truly outdid themselves! The excitement was tangible throughout the school.

And of course... the teachers certainly did not disappoint! They fully embraced the theme and proved that Ferdies spirit knows no age. These are the kinds of days that remind us why we are proud to be Ferdies – where we laugh together, live together, and build spirit together!

TROPSAKE / PACK MATTERS

*School
Spirit*



TROPSAKE / PACK MATTERS



Ferdies Boogskietkompetisie

Ferdies se 1ste boogskietkompetisie vir die jaar was 'n reusesukses!

Die dag is betekenisvol met leiding en gebed deur ons hoof, mnr. Smit, geopen. Ons span het 'n puik 2de plek vir die dag behaal en verskeie 1ste plekke is deur ons skuts verwerf – julle het uitstekend gedoen!

Dankie aan elke ouer en onderwyser vir julle ondersteuning en hulp. Sterkte aan ons skuts vir die res van die seisoen – ons staan bankvas agter julle!



TROPSAKE / PACK MATTERS



Ferdies Archery

Ferdies' first archery competition of the year was a huge success!

The day was opened in a meaningful way with advice, and a prayer by our Principal, Mr Smit. Our team achieved an excellent 2nd place for the day. Several 1st places were won by our archers – outstanding performance!

A sincere thank you to every parent and teacher for your support and assistance. Best of luck to our archers for the rest of the season – we stand behind you with pride!



TROPSAKE / PACK MATTERS



Noordwes-skole kampioenskapgala

Ferdies is ongelooflik trots op ons swemmers se uitstaande prestasies by verlede naweek se Noordwes-skole kampioenskapgala.

Die volgende uitslae is behaal:

Ferdies se seunswemmers behaal algeheel 'n 10de plek.

Ferdies se meisieswemmers behaal algeheel 'n 14de plek.

Cameron Calder

- 1 - 50m rugslag
- 2 - 400m vryslag
- 2 - 50m vryslag
- 2 - 100m vryslag

Gite de Witt

- 2 - 100m vlinderslag
- 3 - 200m IM
- 3 - 50m rugslag

Mia Putter

- 1 - 100m vryslag
- 1 - 100m borsslag
- 1 - 50m borsslag
- 2 - 50m vlinderslag
- 2 - 200m IM
- 2 - 50m vryslag
- 2 - 200m borsslag

Nieki Erasmus

- 1 - 200m IM
- 2 - 50m rugslag
- 2 - 100m vryslag

Anrich le Roux

- 6de - 200m IM
- 10de - 100m vryslag

Ben Groenewald

- 2 - 200m IM
- 8ste - 100m vryslag

Reuben Steinbach

- 2 - 200m borsslag
- 6de - 50m rugslag
- 10de - 100m vryslag

Waldo Steinbach

- 4de - 200m borsslag
- 6de - 50m rugslag



TROPSAKE / PACK MATTERS



North West Schools Championship Gala

Ferdies is incredibly proud of our swimmers' outstanding achievements at this weekend's North West Schools Championship Gala.
The following results were achieved:

Ferdies' boys placed 10th overall

Ferdies' girls placed 14th overall

Cameron Calder

- 1 – 50m backstroke
- 2 – 400m freestyle
- 2 – 50m freestyle
- 2 – 100m freestyle

Gite de Witt

- 2 – 100m butterfly
- 3 – 200m IM
- 3 – 50m backstroke

Mia Putter

- 1 – 50m breaststroke
- 1 – 100m breaststroke
- 1 – 100m freestyle
- 2 – 50m fly
- 2 – 200m IM
- 2 – 50m freestyle
- 2 – 200m breaststroke

Nieki Erasmus

- 1 – 200m IM
- 2 – 50m backstroke
- 2 – 100m freestyle

Anrich le Roux

- 6th – 200m IM
- 10th – 100m freestyle

Ben Groenewald

- 2 – 200m IM
- 8th – 100m freestyle

Reuben Steinbach

- 2 – 200m breaststroke
- 6th – 50m backstroke
- 10th – 100m freestyle

Waldo Steinbach

- 4th – 200m breaststroke
- 6th – 50m backstroke



TROPSAKE / PACK MATTERS



TROPSAKE / PACK MATTERS



NW-MUURBALSPANNE 2026 🏆


Baie geluk aan ons vyf uitstaande leerders wat verskeie plekke in die Noordwes-muurbalspanne behaal het!



🏆 Lua Schutte
🏆 Reynhardt Mong
🏆 Stephan Venter
🏆 Katlego Moekentsane
🏆 Luca Sale



Ons is ongelooflik trots op julle harde werk, toewyding en deursettingsvermoë. Julle gaan beslis ons skool se naam met trots in die verskeie NW-spanne verteenwoordig!
Hou aan om groot te droom en en met passie te speel!



NW SQUASH TEAMS 2026 🏆

Congratulations to our five outstanding learners who have earned places in the North West Squash teams!

🏆 Lua Schutte
🏆 Reynhardt Mong
🏆 Stephan Venter
🏆 Katlego Moekentsane
🏆 Luca Sale

We are incredibly proud of your hard work, dedication, and perseverance. You will certainly represent our school with pride in the various NW teams.

Keep dreaming big and play with passion!

TROPSAKE / PACK MATTERS



'N SPESIALE OOMBLIK BY HOËRSKOOL FERDINAND POSTMA

Vandag het ons die voorreg gehad om sersant Nocanda, kolonel Mhlangu en kaptein Myburg van die SAPS by Hoërskool Ferdinand Postma te verwelkom. Twee van ons uitsonderlike leerders is vir hul ywerige betrokkenheid by sosiale kwessies, soos geslagsgebaseerde geweld, vereer!

☀ Faseeha Sooliman is met 'n sertifikaat vir haar aanstelling as junior distrikskommissaris vir die Dr. Kenneth Kaunda-distrik vereer. Dit is 'n merkwaardige prestasie wat haar toewyding en leierskap weerspieël.

☀ Astelicia Rolls is ook vir haar rol as sigbare polisiëring se verteenwoordiger erken. Dit getuig van haar toewyding en bereidwilligheid om die gemeenskap te dien.

Ons is ongelooflik trots op hierdie twee jong dames. Julle harde werk, moed en opregte bereidwilligheid om te dien, maak werklik 'n verskil.

Ons sien met groot opgewondenheid uit na wat die toekoms vir julle inhou – mag julle elke geleentheid aangryp en aanhou skitter!

Beste wense vir die provinsiale kompetisie wat Donderdag plaasvind! Faseeha, mag jy as provinsiale kommissaris wegstap!

A SPECIAL MOMENT AT FERDINAND POSTMA HIGH SCHOOL

Today we had the honour of welcoming Sgt. Nocanda, Col. Mhlangu and Capt. Myburg from the SAPD to Ferdinand Postma High. Two of our exceptional learners were recognised for their avid involvement in social issues, such as Gender Based Violence.

☀ Faseeha Sooliman was honoured with a certificate for her appointment as Junior District Commissioner for the Dr Kenneth Kaunda District – a remarkable achievement that reflects her dedication and leadership.

☀ Astelicia Rolls was also recognised for her role as Vispol (Visible Policing) representative. This demonstrates commitment and willingness to serve the community.

We are incredibly proud of these two young ladies. Your hard work, courage and willingness to truly serve, make a difference.

We are excited to see what the future holds for you both – may you embrace every opportunity and continue to shine!

Best wishes for the provincial competition that takes place on Thursday! May you step out as Provincial Commissioner, Faseeha

TROPSAKE / PACK MATTERS



TROPSAKE / PACK MATTERS



A HISTORIC MOMENT FOR FERGIES

We are incredibly proud to announce that one of our learners, Faseeha Sooliman, has been selected as Junior Provincial Commissioner for the North West Province!

What makes this achievement even more remarkable is her journey: it began with an inter-school debate competition, progressed to district level – and she emerged as the overall winner to represent North West!

At just 15 years old, she is already proving that age is no limitation when passion, leadership and determination come together.

Ferdinand Postma High School stands firmly behind her, together with her friends and the broader Ferdie community. We are proud, excited and full of anticipation for what lies ahead!

You are a true inspiration – keep dreaming, keep leading and keep shining!



'N HISTORIESE OOMBLIK VIR FERDIES

Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat een van ons leerders, Faseeha Sooliman, as junior provinsiale kommissaris vir die Noordwes-provinsie gekies is!

Wat hierdie prestasie nóg merkwaardiger maak, is die pad wat wat sy geloop het om die prestasie te bereik! Die reis het by 'n interskole debatkompetisie begin, waar sy het na die distriksvlak deurgedring het. Op die ou end het sy as algehele wenner uit die stryd getree om Noordwes te verteenwoordig!

Op die ouderdom van 15 jaar, bewys sy reeds dat ouderdom geen perke ken, wanneer passie, leierskap en vasberadenheid hande vat nie.

Hoërskool Ferdinand Postma, haar vriende en die breër Ferdie-gemeenskap staan bankvas agter haar.

Ons is trots, opgewonde en vol verwagting oor wat nog voorlê! Jy is 'n ware inspirasie – hou aan droom, hou aan lei en hou aan skitter!

WOLWEDEN



MARTIAL ARTS

JKA Shotokan karate classes not only teaches self-defense and anti-bully behavior but also develops character, sincerity, etiquette, self-control and effort. All ages and levels welcome!



CONTACT US

082-668-6611

almarodevilliers@gmail.com

WOLWEDEN



Liewe Ferdies Ouers, Studente en Vriende,
Pick n Pay Vanderhoff Park is trots om die Ferdies-lojaliteitsprogram aan u voor te stel!

Plaas asseblief u kasregisterstroke vir alle aankope wat by u Vanderhoff Park-winkel gedoen is in die posbus gemerk met ons skool se logo. Deur dit te doen, help u om fondse vir Ferdies in te samel, aangesien Vanderhoff belowe om 2% van alle geld wat bestee is, aan u skool terug te gee in die vorm van 'n kwartaallikse kontantterugbewys. Ferdies kan hierdie bewys dan gebruik om kruideniersware en ander noodsaaklike goedere aan te koop.

Deur by Vanderhoff inkopies te doen, trek u ook voordeel uit PnP se klanteloyaliteitstelsel! Veeg eenvoudig u Smart Shopper-kaart en maak gebruik van PnP se Brand Match-stelsel. Vra asseblief in die winkel vir meer besonderhede. Pick n Pay Vanderhoff Park – Laat ons familie na u familie, skool en gemeenskap omsien.

Dear Ferdies Parents, Students, and Friends,
Pick n Pay Vanderhoff Park is proud to present the Ferdies Loyalty Programme!

Please post your till slips for all shopping done at your Vanderhoff Park store in the postbox marked with our school's logo. By doing so, you can help raise funds for Ferdies, as Vanderhoff pledges to give 2% of all money spent back to your school in the form of a quarterly cashback voucher. Ferdies can then use this voucher to purchase groceries and other essential goods.

By shopping at Vanderhoff, you also benefit from PnP's customer loyalty system! Simply swipe your Smart Shopper card and take advantage of PnP's Brand Match System. Please ask in-store for more details.

Pick n Pay Vanderhoff Park – Let our family look after your family, school, and community.